

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

CHIPS

VOL 35 NO 02 • MARCH / APRIL 2021

**BASELINE AND MARKET
DYNAMICS FOR THE
COMING SEASON**

Growing tomorrow's
producers, today

**OOS-VRYSTAATSE
DROËLANDKULTIVARPROEF
OP WARDEN 2019/2020**

Importation of French
fries takes a nosedive

Waarde van navorsing
oor blaarsiektebeheer

Deel 1: Intumessensie

Deur Freddie Denner, UPL, en Fienie Niederwieser, Aartappels Suid-Afrika

Die oorvloedige reën die afgelope seisoen het 'n paar ongewone verskynsels na vore gebring. In hierdie artikel deel ons inligting oor 'n ongewone fisiologiese afwyking



Intumessensie vertoon soos klein, vratagtige blasies wat veral aan die onderkant van blare, asook petiole en stingels sigbaar is.

wat 'n paar verskillende name het. Boonop is daar nie eenstemmigheid oor die oorsaak daarvan nie. Intumessensie (in Engels *intumescence*) en edeem (in Engels *oedema*) is waarskynlik die gewildste benaminge vir hierdie afwyking.

Intumessensie by aartappels is nie 'n nuwe verskynsel nie, net 'n ongewone een, aangesien 'n mens dit eerder op plante in kweekhuise verwag. Intumessensie vertoon soos klein, vratagtige blasies wat veral aan die onderkant van blare, asook petiole en stingels, sigbaar is. Die blasies lyk baie soos insekeiertjies en kan maklik daarmee verwar word. Intumessensie ontstaan wanneer epidermale selle vergroot en opswel. Seldeling vind ook aktief plaas.

Die resultaat is dat die selle uitstulpings vorm wat as deurskynende blasies op die blaaroppervlak sigbaar is. Groter uitstulpings vorm as sommige van die kleiner blasies met mekaar saamsmelt. Die intumessensieblasies verdroog na 'n dag of twee en val af.

Wat veroorsaak intumessensie?

Die oorsaak van intumessensie is waarskynlik veelvoudig van aard en

hang van omstandighede af. Faktore wat al met intumessensie verbind is, sluit onder meer genetiese eienskappe (kultivars), temperatuur (veral grondtemperatuur), lugvog, ligkwaliteit en -intensiteit, hormone, voedingstatus en lugbesoedeling in.

Dit wil egter voorkom of 'n kombinasie van verlaagde transpirasie (hoë lugvog), verhoogde wateropname (warm gronde), verlaagde ultravioletstraling (langdurige wolkbedekking) en die voedingstatus van aartappelplante moontlik bygedra het tot die voorkoms van intumessensie gedurende die afgelope seisoen, wat in sekere streke met hoë reënval en aanhoudende bewolkte dae gepaardgegaan het. Onder normale omstandighede sal die afwyking nie 'n effek op opbrengs en gehalte hê nie. **G**

Indien daar produsente is wat foto's van soortgelyke simptome het wat op aartappelplante waargeneem is, hoor ons graag van julle. Stuur gerus julle foto's na epos.fienie@potatoes.co.za. Enige navrae kan ook aan dr Niederwieser gerig word.

STOOR WATER IN 'N DAMSAK

010 534 5542

- ✓ Geen Biologiese Groei
- ✓ Geen Verdamping
- ✓ Maklik Om Te Installeer
- ✓ Lang- en Korttermynoplossing

sales@damsak.co.za

www.damsak.co.za

200 000 liter Sak teen 27 sent per liter (BTW Uitgesluit)

500 - 200 000 Liter

Damsak™